VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardag. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees

17 Julie	**Gert Kruger (jnr),** Wyk 16
	Johan Markgraaff, Wyk 10
18 Julie	**Kobus Havenga,** Wyk 5
	Geert Stoop, Wyk18
19 Julie	**Dana du Plessis,** Wyk 2
20 Julie	**Monique de Klerk,**. Wyk 1
21 Julie	**André Joubert,** Wyk 11
23 Julie	**Kylie Bartlett,** Wyk 19

Die volgende kursus word DV aangebied in die 3de kwartaal van 2022:

Evangeliseringspraktyk

Aangebied deur Prof. Henk Stoker van die Teologiese Skool Potchefstroom en finalejaar Teologiestudente

Plek: Kerksaal GK Potchefstroom. Tyd: 18:00 – 19:00

Dinsdag	2 Augustus	– Inligtingsvrae
Dinsdag	16 Augustus	– Leidende vrae
Dinsdag	23 Augustus	– Struikelblokke
Dinsdag	30 Augustus	– Dissipelmaking
Dinsdag	6 September	– Skepper – Gesprekke met ateïste
Dinsdag	13 September	– Verlosser – Gesprekke met kultes
Dinsdag	20 September	– Middelaar – Gesprekke met kultes
Dinsdag	27 September	– Sondaar – Gesprekke met Charismate

Alle lidmate is welkom. Laat weet asseblief vir Faans Steyn 084 402 9394 of Gerhard Willemse 073 227 4013 voor of op Maandag 1 Augustus of u die kursus wil bywoon.

DRINGEND **DIAKONIE SE KOSKAS**

Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.

Cup a soup, min noedels, koekmeel, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. (Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram). Sunlight seep, skottelgoedseep, toiletpapier.



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 38, nr 22 Sondag 17 Julie 2022
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by erediens: Ouderling wyk 3 **Kobus Havenga** en wyk 4 **vakant**
Diakens: Wyk 3 **Rudy van der Spoel** en Wyk 4 **AJ van Niekerk**

EREDIENSTE Albei dienste word gelei deur ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30. Eredienste ook per whatsapp

OGGEND **Woordbediening:** 1 Samuel 10:17-27.
TEMA: ***Hy is die koning – ja, Hý is die Koning – gaan jy met Hom saam, of minag jy Hom?***
Sing vooraf: Psalm 10:1, 9 10.
Sing tydens die erediens: Psalm 45:1, 2, 3, 16; Psalm 95:2, 4; Psalm 21:1 4, 9; Psalm 72:1, 5, 8.

AAND **Woordbediening:** Matteus 28.
Fokusverse: Matteus 28:18-20.
Belydenis: Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 34a.
TEMA: ***Christus laat deur die doop verkondig dat Hy ons heeltemal vir homself opeis***.
Sing vooraf: Psalm 8:1,2, 3, 4.
Sing tydens die erediens: Psalm 136: 1, 9, 10, 11; Psalm 136: 12, 13; Skrifberyming 10 - 2.

Kollektes vanoggend: ***Diens van Barmhartigheid*** in die blou sakkies en vir ***Klassis Potchefstroom Sustentasiekas*** *in* die rooi sakkies.
Vanaand: *Diens van Barmhartigheid (blou)*en *Kerkkas (rooi)*.

LIEF EN LEED OOG VIR MEKAAR

Ons verseker **Nico en Leoné Malan** van ons voorbidding vir hulle. Toe die *Op die Kerkwerf* voorberei is, was daar die verwagting dat Nico uit die Groenkloof Hospitaal ontslaan sou word om verder tuis aan te sterk met die hulp van terapeute in Potchefstroom. Aangesien die afgelope byna twee maande 'n geweldige skok op Nico se gestel was, en hy nog nie die trauma kon verwerk nie, versoek ons dat u vir die eerste klompie weke ná sy terugkeer na Potchefstroom die gesin se privaatheid sal respekteer. Skakel dus asseblief **Leoné** vooraf indien u Nico na so om en by twee weke wil besoek. Mag ons Here aan Nico herstel, lewenskrag en lewenskwaliteit gee.

Ons volhard ook in ons voorbidding vir **May Vorster en André**. May ontvang nog chemoterapie en sy moet in die komende week weer behandeling ontvang. Dit is ons gebed dat ons hemelse Vader die behandeling wat sy ontvang, ryklik sal seën tot eer van sy Naam en vir May tot lewenskwaliteit.

Tjaart du Plessis was die afgelope aantal weke ernstig siek en is eers in Mooimed en Medikliniek versorg waarná hy na Multisorg vir rehabilitasie oorgeplaas is. Dit is ons gebed dat die Here in sy trou Tjaart en Ettie sal vashou en ook aan Tjaart beterskap sal gee.



Magda Viljoen is die afgelope week met gordelroos gediagnoseer en sterk tuis aan. Ons verseker haar en Hennie en hulle dogter Karina van ons voorbidding vir hulle.

Ria Esterhuizen word sedert Dinsdag in die Potchefstroom Hospitaal verpleeg nadat sy vir bloeddrukverwante komplikasies opgeneem is. Dit is ons bede dat ons hemelse Vader die mediese span sal lei met wysheid en insig sodat Ria die regte behandeling sal ontvang.

DANKBAARHEID

Ons deel in die vreugde van **Marinda Meyer** wat onlangs aan Christoff Storm verloof geraak het. Mag die Here julle huwelik, wat D.V. op 25 Augustus gesluit word, ryklik seën!

Annemarie Steyn is wel ontslaan uit Ancron hospitaal, maar steeds ernstig siek by haar huis. Ons bid haar spoedige beterskap toe, ook in die lig daarvan dat haar seun Stefan en sy gesin D V hierdie week uit Amerika kom vir 'n kort kuier. Mag dit vir hulle as familie 'n baie geseënde tyd wees.

MEEGEVOEL

Ons betuig ons innige meegevoel met **Lourensia Laufs** wie se suster Donderdagoggend in Huis Eikelaan oorlede is. Dit is ons gebed dat die Here u en Hans ryklik sal vertroos en sal vashou in hierdie tyd.

Ons betuig ons innige meegevoel met **Babs Botha** met die afsterwe van haar suster die afgelope Sondag. Mag ons hemelse Vader haar baie ryklik vertroos en die vrede gee wat alle verstand te bowe gaan. Dit is 'n tweede suster van Babs wat binne enkele maande oorlede is nadat Cecilia Snyman ook einde verlede jaar oorlede is.

VAN ONS KERKRAAD

Katkisasie As gevolg van die gemeentevergadering wat op 24 Julie gaan plaasvind, word verbondsouers versoek om toe te sien dat verbondskinders Les 16 van die katkisasie tuis voorberei en afhandel. Vanaf 31 Julie sal die katkisasie weer soos gewoon voortgaan, en dan wel met Les 17.

Dagboek

Di	19/07		**Skole begin** Huisbesoeke	Volgens afspraak
Wo	20/07	18 :00	Hoërskool Katkisasie	Jeuglokaal
Do	21/07	09:30	Bybelstudie	Konsistorie
		18:30	Ouderlinge toerusting	Volgens afspraak
So	24/07	10:30	**Gemeentevergadering**	Kerkgebou

Kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge
Besonderhede van die rekeninge word hier onder gegee.

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**.
Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**